

HEILBRON

HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

Heilbron se oorgang na Metsimaholo bring nuwe vrae



Heilbron se dae onder Ngwathe Munisipaliteit is getel, maar hoewel die oorgang na Metsimaholo Munisipaliteit op 4 November 2026 in

werking tree, bly daar vrae oor Heilbron se plek en toekoms binne die nuwe munisipale opset.

Op 15 Oktober moes lede van die munisipaliteit die nodige dokumentasie

onderteken om die oorgang na die nuwe munisipale struktuur te hanteer en aan te dui of hulle enige besware teen die proses het.

Die verandering volg nadat die munisipale grense herbepaal is. Heilbron, Phiritona en die betrokke omliggende landbougebiede, wat voorheen onder Ngwathe Munisipaliteit geval het, sal voortaan deel vorm van Metsimaholo Munisipaliteit, wat onder meer Sasolburg, Deneysville, Oranjeville en Viljoensdrift bedien.

Volgens 'n gesamentlike verklaring deur Steve Naale en dr. Gino Alberts, kommunikasiebestuurders van die betrokke munisipaliteite, is voorbereidings vir die oorgang reeds aan die gang. Amptenare van albei munisipaliteite werk saam om die proses ordelik en verantwoordelik te laat verloop.

Die proses staan onder toesig van die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, met dr. Solly Motingoe aan die stuur van die inkorporasieprojek. Hy werk nou saam met die bestuurspanne van albei munisipaliteite, waaronder dr. Futhuli Mothamaha, munisipale bestuurder van Ngwathe, en Basi Motloutung, munisipale bestuurder van Metsimaholo.

Vir Heilbron se inwoners bring die verandering egter meer as net 'n nuwe naam op munisipale dokumente. Vrae oor dienslewering, rekeningstate, infrastruktuur, munisipale kantore, gemeenskapsgeriewe en wyksindelings bly belangrike kwessies wat duidelikheid sal verg.

Die munisipaliteite het aangedui dat hierdie sake deel vorm van die beplanning om te verseker dat noodsaaklike dienste voortgaan en inwoners betyds oor administratiewe veranderinge ingelig word.

Hoewel Heilbron se oorgang na Metsimaholo 'n nuwe hoofstuk in die dorp se plaaslike bestuur inlui, is daar steeds kommer onder verskeie gemeenskapslede en politieke partye oor Heilbron se toekomstige posisie.

Die gevoel bestaan dat Heilbron nie bloot nog 'n gebied binne 'n groter munisipaliteit moet word nie, maar dat die dorp en sy inwoners se behoeftes voldoende aandag moet geniet. Daar is 'n sterk behoefte om te verseker dat Heilbron nie weer agter in die ry staan wanneer dit by dienslewering, instandhouding en infrastruktuurontwikkeling kom nie.

Die uitdaging sal wees om te verseker dat Heilbron se behoeftes nie in die groter munisipale gebied se prioriteite verlore raak nie. Inwoners wil weet hoe hul belange beskerm gaan word en of die nuwe bedeling werklik 'n verskil aan die daaglikse uitdagings in die dorp en Phiritona gaan maak.

Met die plaaslike regeringsverkiezing op 4 November in die vooruitsig, sal die oorgang nie net 'n administratiewe verandering beteken nie, maar ook 'n belangrike toets wees van hoe die nuwe munisipale struktuur die vertroue van Heilbron se gemeenskap gaan wen.

Vir Heilbron lê die hoop in 'n nuwe begin, maar die verwagting is duidelik: die dorp en sy mense moet nie weer agterweë gelaat word nie.

Jancaré
BESTUURSKOOL

Heilbron • Vrystaat

Jou pad na vryheid begin hier!

Ons bied:

K53 LESSE

- ✓ Praktiese en teoretiese opleiding
- ✓ Ervare en geduldige instruktors
- ✓ Veiligheid en selfvertroue op die pad

BESTUURSKLASSE VIR KODE 8 LISENSIES

- ✓ Duidelike en maklike verduideliking
- ✓ Alles wat jy moet weet
- ✓ Gereed vir jou eksamen

Kontak
Carika Potgieter | 084 430 6053

Heilbron • Vrystaat

Leer vandag, ry môre!

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491

Waar sake elke keer, die eerste keer, reg gemaak word!

Johnny Claassen - 082 779 3417

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

Eben Claassen - 072 581 7627

UIT DIE PEN:

Week 43



Daar is so baie mense wat elke dag oor jou pad kom. Vir totale ekstroverte vorm dit hulle energie. Die introverte steur hulle nie aan al die baie mense nie en die ambiverte het 'n redelike binnegesprek om te besluit of hulle gaan uitreik of nie.

Ek het so drie jaar gelede betrokke geraak by die musiekbediening van die kerk. Ek was eers huiwerig. Ek ken dan nie eers die mense nie? Hoe maak ek, op hierdie rype ouderdom, weer vriende? Wil ek nuwe vriende maak? Hoe begin mens 'n vriendskap?

Daar was so baie vrae.

Gou het ek maats gemaak. Ek het vir Karel en Francois, Piet Bas, Albertus, Lucia, Adriaan, Karina ontmoet. En later soveel meer. Hier is nie plek vir almal nie.

Tanja het soms vir ons dromme gespeel. Pragtige vrou, het ek gedink. Sy is getroud met Johann en hulle het 'n kleuterdogtertjie, Amelia. Amelia is nou in graad 1. Die bakkigste klein dogtertjie.

Op 'n dag vertel Tanja my dat Johann baie siek is. Hy het kolonkanker. Ek was stomgeslaan. *Jinne*, vrou, het ek gedink, jou man is so siek en jy dra die las so gemaklik. Nie almal dra sy pakkie so geredelik nie. Min sou ek weet dat hulle al vir 'n paar jaar daarmee moet saamleef. Dalk het julle al tyd gehad om daaraan gewoon te raak. Maar aan die ander kant: raak mens ooit daaraan gewoon?

Toe ek vroeër die jaar kaartjies na RSG se ateljee wen om na Scheppel te gaan kyk, kon ons nie agt mense bymekaar kry wat op 'n Donderdagoggend saam met ons kon gaan nie. Ek en my goeie man het klaar verlof gehad vir die dag. Ek het my familie gevra, nie een kon saamgaan nie. Geeneen van my werkskollegas of my goeie man se werkskollegas nie. Later het ek die kerk se musiekbediening gevra. Tanja en Johann het laat weet dat hulle sal saam kom.

(Gaan Google vir Scheppel, en as jy kan, gaan woon 'n konsert by. Dis next level klassieke en moderne musiek.)

Dit was 'n heerlike opvoering. Scheppel speel 'n viool asof hy daarmee gebore is. Ons kon versoeke rig en ek het natuurlik my deel gedoen. Tanja en Johann het dit ook geniet, en op elke foto kan jy vir Tanja in die

agtergrond sien: sy staan by die dromme.

Johann het sieker geword. So twee maande gelede is hy hospitaal toe vir 'n redelike groot maagoperasie. Teen hierdie tyd het hy al 'n stoma-sakkie gekry. Ek het 'n paar keer vir hom in die hospitaal gaan kuier en net daar gesit. Hy was ongemaklik en dit was pynlik. Geen mooi woorde maak hierdie beter nie.

Johann het teruggegaan huis toe, en later 'n versorger gekry.

Verlede week het ons dominee by hulle gaan kuier: Johann mis Sondaë. Hy mis die kerk. Hy is die gemeente. Tanja laat my weet. En ons begin reëlins tref met die musiekbediening.

Dinsdagaand net na 18:00 stap so 10 van ons hulle huis binne. Tanja het vir almal pizzas bestel. Sy het glad nie vir Johann gesê dat die hele groep kom kuier nie. Ons stap na sy kamer toe.

“Kyk wie het vir jou kom kuier,” sê sy vir Johann toe ek die kamer inkom. En daarna kom Francois in. En toe Linda. Daar kom Lucia en Amie en die res van die groep.

“Ons kom almal vir jou kuier.”

Johann se gesig helder op.

Ons sit later in die kuierkamer en gesels. Dawie trek sy kitaar nader en ons sing.

Jesus, groot bo almal!

The Goodness of God.

You're a Good Good Father

Blye Versekering.

Die trane loop teen my nek af want ek onthou hoe ek in Februarie my gryse ou ma moes groet. Hierdie is veel

anders, want my ma was nie wakker nie. Ek vermoed sy was in 'n koma. Maar Johann is wakker. Sy oë wawyd en nat. Tanja is aangedaan.

Ons dominee bid vir Johann: vir krag, ons sê dankie vir wat hy beteken, en ons verseker hom dat die Here hom nie vergeet het nie.

Francois bid ook. Ek neem die gebed op sodat ons almal weer en weer daarna kan luister. Toe hy klaar is, begin ons spontaan sing: Ons Vader wat woon in die hemel, geheilig Sy U Naam. Ons sing vir hom die priesterlike seën soos in Numeri 6.

Die Here seën jou en bewaar jou Skyn Sy aangesig oor jou, mag Hy genade bewys

Die Here draai Sy gesig na jou Mag Hy jou vrede gee.

Ek kan onthou hoe ek dit vir drie aande lank vir my gryse ou ma gesing het. Of sy dit gehoor het, weet ek nie. Maar ek kon sweer ek het 'n traan in die hoek van haar oog gesien.

En hier sing ons dit weer.

Die deure van die kuierkamer staan oop en ek sien in my geestesoog hoe die note en almal se stemme uitbeweeg na die bure. Sodat almal kan weet dat ons sing, al is ons harte seer. Ons sing omdat ons gered is. En skoongewas is. En dan ons almal elke dag gereed moet wees vir wat ook al mag kom.

Nie een van ons is onaangeraak met hierdie besoek nie. Wat 'n voorreg om dit te kon doen.

Ek het hierdie week geleer dat ons almal 'n vervaldatum het.

Daarmee gaan ek volstaan.

Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

Omgie versprei omgee en hope vreugde by Heilbron se skole!

• **Elmarie Els-Hammann**

Omgie is nie net iets wat ons sê nie, maar iets wat ons elke dag deur ons optrede moet wys! Dit was die besondere boodskap wat Omgie, Engo se vriendelike omgee-maskot, op Vrydag, 16 Oktober 2026, aan leerders van drie skole in Heilbron oorgedra het. Omgie het Bronnies, School of Destiny en Sandersville Combined School besoek as deel van 'n bewusmakingsinisiatief om kinders aan te moedig om meer vir mekaar om te gee en 'n kultuur van vriendelikheid, respek en ondersteuning binne hul skole te bevorder. Die doel van die besoeke was om leerders daaraan te herinner dat omgee nie noodwendig groot gebare of besondere geleenthede vereis nie. Dit begin dikwels by die klein dingetjies wat ons elke dag doen – 'n vriendelike glimlag, 'n helpende hand, 'n bemoedigende woord of om iemand wat alleen voel, welkom te laat voel.

Omgee begin by my en jou

Tydens die besoeke is leerders aangemoedig om na te dink oor hoe hulle self 'n verskil in hul skole kan maak. Omgee beteken om ander met respek te behandel, mekaar te ondersteun, verskille te aanvaar en op te staan vir iemand wat dalk uitgesluit of geboelie word. Die boodskap was duidelik: elke leerder het die vermoë om 'n positiewe invloed op iemand anders se lewe te hê. Kinders hoef nie te wag totdat hulle groot is om 'n verskil in die wêreld te maak nie. Hulle kan reeds vandag begin deur hul maats met liefde, begrip en vriendelikheid te behandel. In 'n wêreld waar kinders dikwels met uitdagings soos groepsdruk, boeliegedrag en sosiale uitsluiting gekonfronteer word, is dit belangrik om

hulle voortdurend te herinner aan die waarde van empatie en wedersydse respek. Wanneer kinders leer om vir mekaar om te gee, help dit om 'n skoolomgewing te skep waar elkeen veilig, aanvaar en waardevol kan voel.

Daar word gedans op Bernice West se "Lyfie"!

Natuurlik sou 'n besoek van Omgie nie volledig wees sonder 'n bietjie pret en opwinding nie! Een van die groot hoogtepunte van die dag was toe Omgie en die leerders behoorlik hul danspassies uitgehaal het op die maat van Bernice West se gewilde liedjie, Lyfie. Die vrolike musiek het gesorg vir hope energie, glimlagte en heerlike saamkuier. Die dansaktiwiteit het nie net vir groot pret gesorg nie, maar het ook die boodskap van die dag op 'n speelse manier versterk: omgee gaan ook daaroor om saam vreugde te ervaar, ander in te sluit en mekaar aan te moedig. Omgie het gewys dat 'n belangrike boodskap nie altyd op 'n ernstige manier oorgedra hoef te word nie. Soms is musiek, beweging en 'n bietjie humor juis die beste manier om kinders se aandag te trek en 'n boodskap te laat vassteek.

Leerders maak 'n spesiale omgee-belofte

'n Besonderse deel van die besoeke was die omgee-belofte, oftewel die Omgie Pledge, wat die leerders saam afgelê het. Met hierdie belofte het die kinders hulself daartoe verbind om voortaan meer bewustelik vir mekaar om te gee, ander met vriendelikheid en respek te behandel en 'n positiewe verskil in hul skole te maak. Die belofte was meer as net woorde. Dit was 'n herinnering dat elke leerder 'n verantwoordelikheid het om deur sy of haar eie optrede by te dra tot 'n skool



waar niemand uitgesluit, verneder of alleen hoef te voel nie. Die hoop is dat die leerders hierdie boodskap nie net vir die dag sal onthou nie, maar dit ook sal saamneem na hul klaskamers, speelgronde, huise en gemeenskap.

Ogee is almal se verantwoordelikheid

Deur hierdie inisiatief wil Engo ook die breër gemeenskap bewus maak dat omgee nie slegs die verantwoordelikheid van ouers, onderwysers of maatskaplike werkers is nie. Dit is iets waartoe elke persoon kan bydra. Wanneer kinders van kleins af leer om empatie te toon, verantwoordelikheid vir hul optrede te neem en die behoeftes van ander raak te sien, word die grondslag gelê vir 'n meer omgee- en verantwoordelike gemeenskap. Omgee is aansteeklik. Een vriendelike daad kan 'n volgende een inspireer, en so kan klein gebare uiteindelik 'n groot verskil maak.

Dankie aan ons skole!

Engo wil graag sy opregte waardering uitspreek teenoor Bronnies, School of Destiny en Sandersville Combined School vir die geleentheid om die omgee-boodskap met hul leerders te deel. 'n Spesiale woord van dank gaan ook aan die onderwysers en leerders vir hul entoesiastiese deelname en die warm ontvangs wat Omgie by elke skool geniet het. Die besoeke het weereens gewys dat kinders nie net graag pret wil hê nie, maar ook ontvanklik is vir positiewe boodskappe wanneer dit op 'n kreatiewe en betekenisvolle manier aangebied word. Omgie se besoek mag dalk net een dag geduur het, maar die wens is dat die boodskap nog lank in die harte en optrede van die leerders sal voortleef. Want omgee begin nie môre, volgende week of wanneer ons groot is nie. Omgee begin vandag, by elkeen van ons! Wees vriendelik. Wees behulpzaam. Wees die rede waarom iemand anders vandag glimlag.

Blommeprag troef die hitte!

Die son het die afgelope naweek behoorlik gebak, maar dit het nie tuinliefhebbers gekeer om die pragtige Heilbron Oop Tuin van Marisa van Rooyen te besoek nie. Tussen die kleurvolle blomme, lowergroen grasperke en skilderagtige hoekies was daar genoeg om die oog te bederf en die hart sommer 'n bietjie ligter te maak.

Hoewel die hitte sy tol geëis het, was daar geen tekort aan skoonheid om te geniet nie. Besoekers kon rustig deur die tuin wandel, inspirasie vir hul eie tuine kry en die natuurskoon bewonder. En vir dié wat die son se warm strale net 'n bietjie te veel gevind het, was daar altyd die vooruitsig van 'n koppie tee en iets lekkers om die kuier mee af te sluit.

Marisa se tuin was egter veel meer as net 'n fees vir die oog. Dit was ook 'n geleentheid om saam te kuier, idees uit te ruil en terselfdertyd 'n goeie doel te ondersteun, met donasies wat aan die Huis Bron-van-Heil gaan.

Vir sommige besoekers het die dag dalk nuwe tuinplanne opgelewer, terwyl ander bloot die mooi om hulle ingeneem het. Een ding is egter seker: met soveel blommeprag en groenigheid kon selfs die warm son nie die skoonheid van die dag

steel nie. Marisa het weereens bewys dat 'n bietjie natuurskoon, 'n lekker kuier en 'n gemeenskap wat omgee, die resep vir 'n besondere naweek is. En wie weet? Dalk het 'n paar besoekers huis toe gegaan met 'n nuwe liefde vir tuinmaak — en 'n lysie plante wat beslis nog gekoop moet word!

Dankie aan BKB Handel en Hartklop vir hulle bydrae om die dag 'n sukses te maak.



Matrieks van 1986 herleef ou herinneringe



Die matriekklas van 1986 van Hoërskool Heilbron het onlangs hul 40ste reünie by die Heilbron-rolbalbaan gehou.

Altesaam 22 oudleerders het die geleentheid bygewoon en heerlik saam gekuier. Ou herinneringe is herleef, stories uit hul skooldae is gedeel en daar was volop geleentheid om weer op hoogte van mekaar se lewens te kom.

Veertig jaar ná hul matriekjaar het die reünie die oudklasmaats die geleentheid gegee om weer saam te kuier en die besondere bande wat tydens hul skooldae gevorm is, opnuut te versterk. Hoewel vier dekades verby is, bly die herinneringe aan hul skooljare en die vriendskappe wat daar ontstaan het, steeds kosbaar.

Destiny's TREASURES

Registrations are open for 2027

BIBLE BASED CURRICULUM

- ACE School of Tomorrow Accredited
- 1:10 Teacher/Child Ratio
- Individualized & Mastery Based Learning

Developing every child in spirit, body, & soul

- Academic Balance
- Character Building
- Christian Values

JOY CURRICULUM GR. RRR

STEP BY STEP CURRICULUM GR. RR

Helping kids reach their full potential to thrive in life!

058 853 1239

sod1@sodheilbron.co.za

64 Percy Str, Heilbron 9650

PARTNERED WITH **A+E**

Potgieter & Vennote

AUDIT - TAX - ADVISORY

WERKGELEENTHEID | HEILBRON

Potgieter & Vennote is op soek na 'n bekwame en gemotiveerde persoon om by ons span aan te sluit.

PLIGTE:

- Opstel van finansiële state
- Maatskappyregistrasies en CIPC-administrasie
- Algemene rekeningkundige en administratiewe werk

Ervaring in rekeningkunde en kennis van CIPC-prosesse sal 'n voordeel wees.

STUUR JOU CV

Jurie@jgpotgieter.co.za | (058) 852 3001

Back2School

EVERYTHING FOR A BRIGHT SCHOOL YEAR!

2027 School Stationery Requirements

How Do I Order?

- Send us your child's stationery list. Any additional items can be added to the list.
E-mail: herald@back2school.co.za | WhatsApp: 060 817 9811
- We pack each child's stationery box according to their list.
- You are notified when it is ready and the amount due.
- Contact Thea or Connie for any enquiries. Tel: 058 852 3033/4

Lay buy welcome
With installment payments to secure your order.

Order Early
Avoid the Rush before January!

We make Back to School SHOPPING EASY!

Herald
44 Els Str, Heilbron

Heilbron Hoërskool blink uit op taal-verhoog



Taal maak deure oop, bou selfvertroue en gee leerders die vermoë om hul wêreld met nuwe oë te sien. Heilbron Hoërskool se prestasie by die Legacy of Language-toekennings in Sasol op 16 Oktober is ’n bewys van die waarde wat taalontwikkeling in die klaskamer het. Die skool het die derde plek in die kategorie vir Beste Presterende Skool behaal, met Chantal Kruger, die graad 12-Engelonderwyseres, wat die toekenning namens die skool ontvang het.

Die toekennings erken skole wat meetbare verbetering in leerders se prestasies toon deur hul deelname aan storievertel- en taalontwikkelingsprogramme. Dit gaan dus oor meer as bloot woorde op papier: dit gaan oor leerders wat groei, hul taal beter bemeester en nuwe geleenthede deur onderwys kan aangryp.

Vir Kruger en Heilbron Hoërskool is die erkenning ’n besondere prestasie. As Engelonderwyseres speel sy ’n belangrike rol in die ontwikkeling van leerders se taalvaardighede, terwyl die toekenning terselfdertyd die skool se deelname aan en sukses met taalontwikkeling onder die soeklig plaas.

Die derde plek is ’n trotse oomblik vir Heilbron Hoërskool en dra by om die skool se naam buite die dorp se grense hoog te hou. Dit herinner die gemeenskap daaraan dat goeie onderwys nie net in uitslae gemeet word nie, maar ook in die vaardighede, kennis en selfvertroue waarmee leerders die toekoms tegemoetgaan.

School of Destiny

RAISING future leaders

WITH FAITH, LOVE & PURPOSE.

LOVE PRAY OBEY

AT SCHOOL OF DESTINY, WE BELIEVE:

Every child is loved unconditionally

Faith guides everything we do

Learning with purpose & excellence

Character is just as important as knowledge

★ Train up a child in the way he should go... Proverbs 22:6

📢 **Registrations are open for 2027** from Grade R up until Grade 8.

📍 **COME DISCOVER THE SCHOOL OF DESTINY DIFFERENCE**
Where faith + love + learning + and purpose come together.

Contact: 0588631239
Email: sdd1@skysat.co.za

Love • Pray • Obey

Siphesihle Jinka Claims First Place in Provincial Book Review Competition

Phiritona Secondary School is celebrating the outstanding achievement of learner Siphesihle Jinka, who secured first place in the Free State Provincial Rejabuka Eliminations – Book Review Competition, organised by the Department of Sport, Arts and Recreation. Representing the Fezile Dabi District, Siphesihle impressed the competition with her talent and passion for reading, earning her the top position among the participants. Her remarkable achievement was rewarded with a R5 500 voucher, two medals, two certificates and two trophies — a fitting

recognition of her dedication and hard work. The school congratulated Siphesihle on her success, highlighting her achievement as an example of what can be accomplished through commitment, perseverance and a love for reading. “This outstanding accomplishment is a testament to her dedication, hard work and passion for reading. Well done, Siphesihle! You have made the Fezile Dabi District and Phiritona Secondary School proud. May this achievement inspire other learners to pursue excellence and reach for greater heights,” the school said. Siphesihle’s victory is a proud moment for both her school and district, showcasing the talent of young readers and the importance of nurturing a passion for literature among learners.

Phitshana Public School Excels at Provincial Level

Phitshana Public School is celebrating another remarkable achievement after securing first place at provincial level in the Language Enrichment competition. Omolemo Moroka proudly represented the school and walked away with two trophies, a gold medal and a tablet in recognition of her outstanding performance. Her achievement is a testament to her dedication and the hard work and support of her teachers. Pictured celebrating this wonderful achievement are Deputy Head YMM Mokoena, Ms MW Mabuya, Principal WT Mokoena, learner Omolemo Moroka with her prizes, her teacher Ms MS Tladi, Ms DA Kumalo, Ms ML Sejake, Ms M Mlaba and Ms EM Morake. Phitshana Public School continues to make its mark through the achievements of its learners, demonstrating that dedication, teamwork and a commitment to excellence bring rewarding results. The school community has every reason to be proud as Phitshana continues to go from strength to strength.

Phitshana Public School’s Young Achievers Shine at National Level

Phitshana Public School is proud of two of its learners, Phakela Vuyo and Mabale Katleho, who represented Fezile Dabi in Cross Country at national level, bringing further pride to their school and community. From front left: Phakela Vuyo, who achieved position 37, and Mabale Katleho, who achieved position 21. The school congratulates both learners on their achievements and commends them for representing their district with pride. Also pictured are Mr SM Mkhwanazi, Mr MZ Leemisa, Principal WT Mokoena, Ms EM Morake, Ms DA Kumalo, Ms ML Sejake, Ms M Mlaba, Ms MS Tladi, Deputy Head Ms YMM Mokoena and Deputy Head KI Thapedi.

Erik inspireer by Matriek-Lentetee

Hoërskool Heilbron se Lentetee op 10 Oktober was 'n geleentheid van inspirasie, bederf en spesiale oomblikke vir die matriekdames en hul gaste.

Erik Holm het die gaste toegesprek met 'n kragtige boodskap oor trauma, genesing en die moed om bo jou seer uit te styg. Hy het die gehoor herinner dat 'n mens se verlede nie jou toekoms hoef te bepaal nie en dat daar selfs ná die seerste tye steeds hoop op 'n nuwe begin is.

Terwyl die matriekmeisies besig was om vir die geleentheid reg te maak en hul rokke 'n laaste keer aan te trek voor die groot eksamen, het die gaste die geleentheid gekry om saam met Erik foto's te neem. Die dag het dus nie net ruimte gebied vir 'n betekenisvolle boodskap nie, maar ook vir spesiale herinneringe om te koester.

Die ouers van vanjaar se matriekkomitee het behoorlik uitgehaal en gewys. Elke gas was met 'n boksie vol heerlike eetgoed bederf, wat 'n ekstra tikkie bederf by die geleentheid gevoeg het.

Met 'n boodskap van hoop en deurstellingsvermoë, gesellige samesyn en die besondere moeite wat die matriekkomitee se ouers gedoen het, was dit 'n Lentetee wat die matriekdames en hul 130 gaste met mooi herinneringe sal laat terugdink aan hierdie spesiale tyd in hul skoolloopbaan.



Foto erkenning: Altyd Uniek Fotografie

Huppel Trippel geniet 'n Vitamien D-oggend

Die Natuur het gesorg vir 'n perfekte somers-oggend om ons kwartaallikse Rolstoeldag te geniet. Daar was seker maklik 40 vrolike rolstoelryers en -stoters. Die gebruiklike 'pitstops' is ook gedoen. 'n pakkie Pakworks NikNaks, 'n glas yskoue koeldrank en 'n roomys op 'n horinkie was op die spyskaart. Tussendeur het almal die heerlike sonskyn op die vel, die sang van die voëltjies in die bome en die pragtige blomme in die inwoners se tuine raakgesien en geniet. Soos altyd, was dit 'n kosbare saamkuier-oggend. Oor twee weke, op 3 November, sal dit 'n ander soort saamkuier wees. Dan is die onderwerp die nostalgiese onthou van 'n ervaring of gebeurtenis wat jou lewe vir altyd verander het. Só leer ons mekaar beter ken en waardeer.



Só lekker buite in die oggend-sonnetjie.



Op pad na 'n volgende "pitstop" toe.

HEILBRON VAN HEIL

Huis-Bron-van-Heil

BASAAR

24 Oktober - Program

Opening & Verwelkoming om 09:00

09:00

• Troufoto Raai-kompetisie

• Fotohoekie

• Tweedehandse boeke

• Koffie & Koek

• Kerrie & Rys

• Kindertafel

• Sosaties

• Nagereg

• Pannekoek

10:00

• Hoërskool Heilbron voordrag

10:30

• Huppel Trippel koor

11:00

• Prysuitdeling van Tema uitrustings en Trekking van Mandjie wenner

11:30

VEILING :

Opgesaagde-gebokskope;

Hoenders;

Antieke 5L Bells;

Saad ens.

12:00 - BRAAIETE GEREED

Trek jou kruisie op Woensdag, 4 November 2026

• Armand Cloete, VF Plus-LPW

“Heilbron moet sy eie munisipaliteit wees. Dit is waarvoor die VF Plus hom beywer. Die VF Plus het ’n tienpuntplan wat maklik implementeerbaar is en die nodige verbetering sal bring.

Die Ngwathe- en Metsimaholo-munisipaliteite, waarvan Heilbron ná 4 November deel sal vorm, bevind hulle in ’n dienslewingskrisis wat voor die deur van die ANC gelê moet word.

Vir te lank ontnem die ANC en sy beleidsrigtings kiesers van dienste weens regstellende aksie, Swart Ekonomiese Bemagtiging en kaderontplooiing.

Die VF Plus wil waardes soos integriteit en eerlikheid terugbring in ’n munisipaliteit wat vir sy inwoners werk.

Dit is tyd dat die inwoners van Heilbron die dienste kry waarvoor hulle betaal. Daarom is dit belangrik om op 4 November te stem en op al drie stembriewe hul kruisie agter die party te trek waarmee hulle saamstem – die VF Plus – om nie net verandering nie, maar ook verbetering in Heilbron te bring.”



Heloise Denner (Parlements lid / hoofswep VFplus) en Armand Cloete (LPR VFplus).



Op die foto vlnr: Carol Snyman (Wyk 6,7), Paul Bergh (Taksekretaris), Heloise Denner (Parlements lid / hoofswep VFplus), Fanie Malerbe (Wyk 23), Erhard Engelbercht (Wyk 21), Armand Cloete (LPR VFplus), Jannie Snyman (Wyk 22), Amanda Venter (Wyk 1) en Elza Geyser (Wyk 2). Inlas: Frik Marais (Wyk 20).

Hoërskool Heilbron se hoofleiers vir 2027

MK Hoofleiers

2027

Noeline Gavin

Hoofdagter

Hanru Steyn

Hoofseun

BK Hoofleiers

2027

Mia Janse van Rensburg

Hoofdagter

PJ Meiring

Hoofseun

POSTNET HEILBRON

COLLECTION & DELIVERY

Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY

R200 per parcel

SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK

BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R250 PER PARCEL

heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 968 6078

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald.

Kontak Hendie
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

**Elsstraat 44,
Heilbron, 9650**

OJ's MEAT MARKET

082 78 16163
icilliers1997@gmail.com

Dries Cilliers: 082 781 6163
icilliers1997@gmail.com
24 Lang Mark Straat, Heilbron

SKAAP	WORS
C-GRAAD SKAAP 1/2 EN HEEL R95.00/kg	BUCH KRAAL WORS R85.00/kg
C-GRAAD BOUD TJOPS R110.00/kg	AWARD BOEREWORS R110.00/kg
C-GRAAD RUG TJOPS R120.00/kg	KAAS WORS R110.00/kg
C-GRAAD KOOKVLEIS R99.50/kg	WILDS WORS R85/kg
VARC	ANDER
HEEL OF HALF VARK R55.00/kg	KAAS R99.50/kg
BOUD TJOPS R59.50/kg	MELK/YOGURT YSIES R5.00/elk
RUG TJOPS R75.00/kg	PLAAS HOENDERS R65.00/kg

Riemland Cut & Co. BUTCHERY AND DELI

1 ONS WORD JAAR OUD!

Saterdag, 24 Oktober 2026
07:30 - 14:00
Wentworth Square Shop 1

Free Tastings! Vouchers te wen! Loyaliteitsprogram!

SCAN AND JOIN OUR WHATSAPP GROUP

SPECIALS	Hoender Sosaties R104.99 per kg	Gemarineerde Hoender Flatty R94.99 per kg	Kerrie Bees Sosaties R179.99 per kg
-----------------	---	---	---

Dankie dat julle deel is van die Riemland Cut & Co.-familie

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING
Kennisgewing in die Boedel van Wyle **JOHANNA LOUSIA THORNHILL**, Identiteitsnommer: 390829 0038 08 3, in lewe ‘n Pensionaris, woonagtig te, Reitz, 9810, ‘n Weduwee.
DATUM VAN AFSTERWE: 2 MAART 2025
BOEDELNOMMER : 004130/2025
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ vir ‘n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6, REITZ, 9810

KENNISGEWING
In die bedoel van wyle **TSHEPISO WILLIAM MOTLOUNG, Boedelnommer 00481/2024**, Identiteitsnommer 530218 5387 08 6, wat gewoonlik woonagtig was te 1661 Phiritona Heilbron, en wat te Heilbron op 13 September 2023 gesterf het. Die Eerste en Finale Likwidasie-en Distribusierekening in bogenoemde boedel sal ter insae lê by die kantoor van die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein en 'n afskrif daarvan by die kantoor van die landdros vir die distrik van HEILBRON, waar die oorledene gewoonlik woonagtig was ten tye van sy dood, vir 'n tydperk van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 7de dag van Oktober 2026.
J H JANSEN
JANSEN PROKUREURS
PROKUREUR EN EKSEKUTEUR
PIERCE STRAAT 58
POSBUS 890, HEILBRON, 9650
VERW: MOT98/0001/JHJ/cm

Besigheidsure

Maandae - Vrydae:
08:00 tot 16:30

Saterdag: 09:00 tot 12:00

POSTNET
HEILBRON

Elsstraat 42,
Heilbron
Tel: 058 853 0006

FOTOSTATE

Swart / Black

A4

1 - 50 Bladsye @ R1-50
51+ @ 80c

A3

1 - 50 Bladsye @ R3-00
51+ @ R1-50

Volkleur / Colour

A4

1 - 10 Bladsye @ R5-00
10+ @ R4-00

A3

1 - 10 Bladsye @ R10-00
10+ @ R8-00

WINKELURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdag: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald

Office
National

CALENDAR 2027

Heilbron Herald Pricelist
Prices include VAT and a standard design

Heilbron Herald

44 Els street,
Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za
058 852 3033
083 495 5512

A4 Wall Calendar

Full Colour Print on Glass Board, 31x420mm
Punched Hole Top, 12 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 230	R 200	R 430
100	R 280	R 250	R 530
200	R 380	R 350	R 730
300	R 480	R 450	R 930
500	R 680	R 650	R 1330
1000	R 1080	R 1050	R 2130

A3 Wall Calendar

Full Colour Print on Glass Board, 420x270mm
Punched Hole Top, 12 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 240	R 210	R 450
100	R 290	R 260	R 550
200	R 390	R 360	R 750
300	R 490	R 460	R 950
500	R 690	R 660	R 1350
1000	R 1090	R 1060	R 2150

Folded Triangular Desk Calendar

Full Colour Print on Glass Board, 210x270mm
Triangular Desk Calendar, Three Viewing sides

Qty	Deposit	on Delivery	Total
100	R 780	R 750	R 1530
200	R 1080	R 1050	R 2130
300	R 1380	R 1350	R 2730
400	R 1680	R 1650	R 3330
500	R 1980	R 1950	R 3930
1000	R 3380	R 3350	R 6730

Wire Tent Desk Calendar

Full Colour Print on Glass Board,
Reinforced, Fold Over Pages, 3 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 880	R 850	R 1730
100	R 1180	R 1150	R 2330
200	R 1480	R 1450	R 2930
300	R 1780	R 1750	R 3530
500	R 2180	R 2150	R 4330

A5 Wire Wall Calendar

Full Colour Print on Glass Board, Wirebound Top,
Month to View + Front Page, 270x420mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 520	R 500	R 1020
100	R 620	R 600	R 1220
200	R 720	R 700	R 1420
300	R 820	R 800	R 1620

A5 Desktop Calendar

Full Colour Print on Bond Paper + Backing Board,
Month to Month View, 270x420mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 530	R 500	R 1030
100	R 630	R 600	R 1230
200	R 730	R 700	R 1430
300	R 830	R 800	R 1630

A2 Desktop Calendar

Constant Colour Background Print on Bond Paper,
Only Black Colour Changes + Backing Board,
Month to view, 420x270mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 700	R 680	R 1380
100	R 800	R 780	R 1580
200	R 900	R 880	R 1780
300	R 1000	R 980	R 1980

Fridge Magnet Calendar

Full Colour Print on Bond Paper + Backing Board,
12 Month View, 200x270mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 250	R 230	R 480
100	R 350	R 330	R 680
200	R 450	R 430	R 880
300	R 550	R 530	R 1080

A5 Custom Printed Diary

Standard 176 Black Inner Pages,
12 Monthly Planners, Year Planner, 1 Week to view
Custom Cover Laminated, Wire Bound

Qty	Deposit	on Delivery	Total
1	R 195	R 0	R 195
5	R 393	R 393	R 786
10	R 786	R 786	R 1572
20	R 1572	R 1572	R 3144
50	R 3930	R 3930	R 7860

Form J193
NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES
All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **6078/2026**
Surname: **De Nysschen**
First Names: **Elizabeth Alida Helena**
Date of Birth: **1944-02-02**
ID Number: **440202 0025 080**
Last Address: **47 President Street, Heilbron, Province Free State**
Date of Death: **2026-07-07**
Master's Office: **Bloemfontein**
Name of Executor or Authorised Agent: **Amanda Anne Schutte Nominee of Cornelius and Partners INC**
Address of Executor or Authorised Agent: **40 Church Street, Heilbron**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
Advertiser Name: **Cornelius & Partners Inc.**
Address: **40 Church Street, Heilbron, 9650**
E-Mail: **aktesb@corven.co.za**
Date Submitted: **2026/10/13**
Tel: **058 852 2035**
For publication in the Government Gazette on: **2026/10/23**

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald

Office
National

2027

DAGBOEKE
NOG BESKIKBAAR TERWYL
VOORRAAD HOU!

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald

Office
National

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die **15de Des. 2026** sluit en DV die **6de Januarie 2027** open.

Die winkel sluit die **18de Des. 2026** en open die **5de Januarie 2027**.

Laaste uitgawe vir 2026
Heilbron Herald
Kersuitgawe - 11 Desember
en eerste uitgawe 2027
DV **8 Januarie 2027**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald

Office
National

POSTNET HEILBRON

COLLECTION & DELIVERY

Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY

R200 per parcel

SASOLBURG

VEREENIGING

VANDERBIJLPARK

BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R250 PER PARCEL

heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

POSTNET
HEILBRON

SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die
Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading

AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAIBAKKE

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

BIBLIOTEEK OOP
Pierceststraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: 058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za

John Watson john@heilbron.co.za

Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za

Kobus kobuss@heilbron.co.za

(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192

Silma marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za

(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512

Carrien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)

Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)

Hendie heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)

Marlene (Proeflees van koerant)

Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601

heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

HERALD Sport

JCB storm na die voorpunt in Besigheidsliga

Die Heilbron Rolbalkklub se Besigheidsliga het ná die tweede ronde 'n nuwe voorloper, met JCB, Bronnies, Kopanang en VKB wat elk vier ligapunte op hul kerfstok het. JCB beklee tans die eerste plek, gevolg deur Bronnies en Kopanang.

JCB het in die tweede ronde 'n indrukwekkende 94–26 aangeteken en twee ligapunte verdien. Bronnies het met 69–51 gewen, terwyl Kopanang met 61–59 die oorwinning behaal het. VKB het ook twee ligapunte bygevoeg met 'n telling van 62–58.

What's News, wat ná die eerste ronde die voortou geneem het, het dié keer 59–61 aangeteken en geen ligapunte verdien nie. Die span beklee nou die vyfde plek op die algehele puntelys, met 'n totaal van vier punte.

Met die kompetisie wat steeds strawwe mededinging oplewer, sal die volgende rondes bepalend wees namate spanne om die voorste posisies meeding.



Heilbron seëvier in naelbytstryd teen Sasolburg

Heilbron se krieketspan het Sasolburg met 'n skrale nege lopies geklop in 'n spannende wedstryd waarin die uitslag tot die laaste oomblikke onseker was.

Met die kolf in die hand het Heilbron 'n totaal van 200 lopies aangeteken, met 18 viere en nege sesse wat die telbord laat klim het. Russel Loft was Heilbron se voorste kolwer met 'n blitsige 63 lopies en het 'n belangrike bydrae gelewer om die span in 'n sterk posisie te plaas. Sasolburg moes 201 lopies aanteken om die wedstryd te wen.

Heilbron se boulders en veldwerkers het egter gesorg dat Sasolburg nie die teiken kon bereik nie. Jeandre Earle en Armand Smit het elk drie paaltjies geneem en die druk op Sasolburg se kolwers gehandhaaf. Die span se goeie samewerking in die veld is verder beklemtoon deur ses goeie vangskote.

Russel Loft en Jeandre Earle is ná afloop van die wedstryd as die Spelers van die Wedstryd aangewys vir hul onderskeie bydraes tot Heilbron se oorwinning.

Heilbron se volgende kragmeting vind die naweek om 13:00 plaas wanneer die span die Ratels op Hoërskool Heilbron se krieketveld pak.

Toegang is gratis en die gemeenskap word uitgenooi om die span te kom ondersteun. Ondersteuners kan uitsien na 'n middag van krieket, kuier en saam braai. Familie en vriende is welkom om die span langs die veld te kom aanmoedig.



Op die foto vl: Russel Loft, Danie Rietchard en Jeandre Earle.

Heilbron Herald

Geagte gewaardeerde klient,

Plaas asseblief vroegtydig u bestellings

Die feestyd is om die draai!

Plaas asseblief vroegtydig u bestellings vir drukwerk, skryfbehoeftes, meubels, korporatiewe klere en geskenke om beleurstelling te voorkom.

Ons wil graag al ons kliente betyds help en seker maak dat u alles wat u benodig, in voorraad het vir die feestyd.

Dankie dat u ons die geleentheid gee om u te help.

Neem asseblief kennis van ons sluitingsdatums:

FABRIEK & DRUKWERK	SKRYFBEHOEFTE WINKEL	KERSKIERANT
Sluit: 15 Desember 2026 Heropen: 6 Januarie 2027	Sluit: 18 Desember 2026 Heropen: 5 Januarie 2027	Spesertum: 1 Desember 2026 Laaste uitgawe: 11 Desember 2026

Maak dankie vir u volgehoute ondersteuning. Ons waardeer u opregte wens om u geselskap 'n onbegrensde feestyd te wê!

Herald Office National



BKB

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 26 OKTOBER 2026

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSdag - 27 OKTOBER 2026

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

INGOGO Maandelikse veiling

Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

WOENSDAG - 28 OKTOBER 2026

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

ERMELO Implemente veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

JOZINI Twee-weeklikse veiling
Kontak Sibusiso Gumede 082 070 0134

VENTERSBURG Maandelikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

DONDERDAG - 29 OKTOBER 2026

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

VRyDAG - 30 OKTOBER 2026

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 816 4956

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHERD,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/08
FRANKFORT: 058 813 1071

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205

ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383

ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

